"Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid"
(Hebr. 13:8)

OMSENDBRIEF Oktober 2019

Ek groet al die broeders en susters hartlik in alle lande, in die naam van die HERE Jesus Christus met die Woord uit Openbaring 1 verse 1-3:

*"Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het **om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur**, en wat Hy deur die sending van sy engel aan **sy dienskneg Johannes** te kenne gegee het,*

*wat getuig het **van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus** — alles wat hy gesien het.*

*Salig is hy wat **die woorde van die profesie** lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, **want die tyd is naby".***

In Openbaring 22 lees ons:

*"En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die HERE, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur **om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur**.*

*Kyk, **Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar**".*

Soos ons in die eerste vers in die eerste hoofstuk lees, stuur die HERE Sy engel na Johannes op die eiland Patmos, om aan **Sy knegte** alles te openbaar. Die besondere betekenis hier lê in *"**die Woord van God", "die getuienis van Jesus Christus**"* en *"**die woorde van die profesie** "*. Dit is baie belangrik vir almal om ag te slaan op dit wat in die Heilige Skrif geskryf staan. In die laaste hoofstuk vind ons weer die Woorde: *"... om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur".*

In hoofstuk 22 sê die HERE twee keer: ***"Kyk, Ek kom gou ..."*** (verse 7+12). Die tweede koms van Christus — dit wil sê, die Wederkoms van Christus — is die belangrikste onderwerp vir ons.

Hierdie Omsendbrief handel nie oor die vele onderwerpe aangaande die eindtyd profesieë nie, maar veral oor die nabye tweede koms van Christus. Met Sy eerste koms het Johannes die Doper na vore getree as die stem van een wat roep in die woestyn (Jes. 40:3), deur wie se boodskap 'n volk vir die HERE voorberei was. So het die engel aan sy vader Zacharias vooruitgespreek: *"En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die HERE hulle God. En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir* ***die HERE 'n toegeruste volk te berei"*** (Luk. 1: 16-17).

Die Nuwe Testament begin met die vervulling van die beloftes uit die Ou Testament, en dit bly geldig tot aan die einde van tyd. Paulus het dit soos volg aan ons oorgelaat: *"Paulus,* ***'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God — wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte****"* (Rom. 1: 1-2).

Ons moet nou die beloftes ervaar wat in ons tyd vervul moet word. Wie het in ons tyd 'n direkte roeping en kommissie? Wie moet, volgens Sy belofte, hier voor die wederkoms van Christus, die onveranderlike boodskap van God bring?

Dit is nou 86 jaar sedert die getroue HERE, op 11 Junie, 1933, aan broeder Branham die besondere opdrag gegee het, om die boodskap te bring wat die Wederkoms van Christus moet vooruitgaan. Die man van God het in die Ohio-rivier gestaan en gedoop, net soos Johannes die Doper in die Jordaan-rivier gedoop het. Toe hy Jesus gedoop het, het daar 'n stem uit die hemel geroep (Matt. 3:17).

Broeder Branham was hierdie woorde uit die hemel uit toegeroep: "Kyk op! Kyk op!". En toe hy opkyk, sien hy die bonatuurlike wolk van lig neerdaal wat sigbaar was aan almal teenwoordig en hy hoor toe die woorde wat ons al soveel keer aangehaal het. Van die 21 aanhalings sal ons nog 'n maal drie daarvan weer herhaal, om die belangrikheid van die presiese bewoording van die goddelike kommissie te beklemtoon:

"Soos Johannes die Doper die eerste koms van Christus vooruitgestuur was, so sal jou boodskap die tweede koms vooruitgaan, die hele wêreld in" (14 Julie, 1963).

"Ek sal dit waarskynlik nie doen nie, maar hierdie boodskap sal Jesus Christus aan die wêreld voorstel. Want, 'soos Johannes die Doper gestuur was om die eerste koms vooruit te gaan, so sal die boodskap die tweede koms vooraf gaan'. Ek weet dit sal so wees. Die boodskap sal voortgaan" (29 Desember, 1963).

"'n Stem het gesê: 'Soos Johannes die Doper die eerste koms van Christus vooruitgestuur was, so sal jou boodskap Sy tweede koms, die hele wêreld vooruitgaan'" (19 Februarie, 1965).

Laat ons dit nog 'n maal sê: Toe die tyd aangebreek het vir die eerste koms van Christus, het die bonatuurlike gebeur. Die Engel Gabriel het die geboorte van Johannes die Doper aangekondig (Luk. 1: 11-20). Ses maande later kom hy na Maria en kondig toe die geboorte van die Verlosser aan (Luk. 1: 26-38).

Dit versterk ons in ons geloof om te weet, wat die getroue God in ons tyd gedoen het: Die 11de Junie, 1933, was die dag, wat God bestem het om die boodskap vir die laaste tydvak voor die beloofde Wederkoms van Christus, aan te kondig. Ons hoef nie hier weer op al die besonderhede in te gaan nie; dit het ons menigmale in die afgelope Omsendbriewe gedoen.

Die bediening van die beloofde profeet vanuit Maleági 4 verse 5 & 6, Matthéüs 17 vers 11 en Markus 9 vers 12, is 'n ervare realiteit. Deur sy verkondiging het alle verborgenhede, alle bybelse leringe, eintlik die hele raad van God, tot met die opening van die sewe seëls, bekend geword.

Op 24 Desember, 1965, het die getroue God Sy dienskneg en profeet na Hom geroep, daar hy sy bediening ongetwyfeld voleindig het. Sedertdien is die suiwer Woord-boodskap volgens die wil van God dwarsdeur die wêreld gedra.

Akte van die Verbond

By die inwyding van die tempel, *"... het die priesters **die verbondsark** van die HERE na sy plek in die binneste vertrek van die huis, **in die Allerheiligste**, gebring, onder die vlerke van die gérubs in"* (IIKron. 5:7).

Salomo het die hoogagting van die **Verbondsark** beklemtoon: *"... en ek het die huis gebou vir die Naam van die HERE, die God van Israel, en die ark **waarin die verbond van die Here is, wat Hy met die kinders van Israel gesluit het**, daar neergesit"* (IIKron. 6:11).

In die toewydingsgebed, het Salomo onder inspirasie van die Gees gesê: *"Geloofd sy die HERE, die God van Israel, **wie se hande volbring het wat sy mond tot my vader Dawid gespreek en gesê het**"* (IIKron. 6:4).

Hy het benadruk dat alles wat die HERE mondelings belowe het, het ook tot vervulling gekom: *"... wat vir **u kneg**, my vader **Dawid**, **u belofte aan hom gehou het; ja, met u mond het U dit gespreek en met u hand volbring soos dit vandag is**.*

***Hou nou ook, HERE, God van Israel, die belofte wat U aan u kneg**, my vader **Dawid**, gedoen het, naamlik: Daar sal vir jou nooit 'n man voor my aangesig ontbreek wat sal sit op die troon van Israel nie, as jou seuns net op hulle weg ag gee, deur te wandel in my wet soos jy voor my aangesig gewandel het"* (IIKron. 6: 15-16). Oor **al die beloftes** wat die HERE in Sy Woord gegee het, waak Hy om te vervul dit wat Hy belowe het (IIKor. 1: 20-22).

In die Nuwe Testament het God 'n nuwe verbond gesluit. Die Nuwe Testament is die stigtings-akte van die Gemeente. Die HERE het self gesê: ***"... sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie"*** (Matt. 16:18).

Die HERE het die Nuwe Verbond bevestig met die woorde: ***"Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes"*** (Matt. 26:28).

Ons gebed is: "O HERE, onthou die verbond wat u gesluit het met ons, die bloed wat u vir ons vergiet het, die beloftes wat U aan ons gegee het, en skenk aan ons die ewige lewe".

Die beloftes, wat die HERE mondelings gegee het, was deur Sy apostels neergeskryf. **Die stigting van die Gemeente** het gevolg, deur die uitgieting van die Heilige Gees (Handelinge 2). Onder die direkte inspirasie van die Heilige Gees lê Petrus in sy eerste preek die patroon vir die Gemeente neer, wat die geldigheid van die Nuwe Testament bevestig het: *"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die HERE onse God na Hom sal roep"* (Hand. 2: 38-39). In die Handelinge van die apostels, en in hulle sendbriewe, is alles aan ons oorgelaat wat aan die Gemeente in lering en lewe verorden is.

Die belofte aan die Gemeente voor die Wederkoms van Christus lui: ***"Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel"*** (Matt. 17:11; Mark. 9:12a). Voor onse HERE terugkeer en Sy Bruid-Gemeente na Hom toe kan neem, moet ín hulle elke bybelse lering en 'n goddelik-welgevallige lewe herstel wees, insluitende die geestes-doping, geestelike gawes en geestelike vrugte. Ja, alles moet terug na die regte posisie gebring word soos in die begin, dit is die mondelinge belofte van ons Verlosser wat aan ons in Matthéüs 17 vers 11 en Markus 9 vers 12, op skrif gelaat is.

Elia het die verstrooide volk van Israel op die berg Karmel bymekaargemaak, die 12 klippe geneem en die altaar van God herstel. Net so het die Elia van ons tyd die leer van die 12 apostels weer op die kandelaar geplaas, dit op die ou fondament van die apostels en profete gebou (Efé. 2:20), en die volk van God, wat in alle godsdienste en denominasies verstrooid was, weer terug geroep na God, na die ware geloof soos dit in die begin was.

Die gebod van ons tyd lui: *"... gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die HERE, die Almagtige"* (IIKor. 6: 17-18).

Wie nou genade by God vind, neem aan en glo dit wat in die **grondings-Akte** van die Nuwe Testament staan. Wie van God is, glo dit wat God aan Sy nuwe-testamentiese Gemeente belowe het.

'n Ernstige vermaning: Niemand mag by die **Akte van die Nuwe Verbond,** tot en met die boek van Openbaring, hoofstuk 22, iets byvoeg of wegneem nie. SO SPREEK DIE HERE: *"As iemand by hierdie dinge **byvoeg**, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie **wegneem**, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad"* (Openb. 22: 18-19).

Die apostel Petrus was onder die leiding van die heilige Gees toe hy geskryf het: *"... En ons het **die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie"*** (IIPet. 1: 19-20).

'n Tragiese Verwikkeling

Sedert die dood van die man van God, William Branham, in Desember, 1965, het enersyds die voortsetting van die ware Woord-boodskap gevolg, en andersyds was en is daar nog steeds die interpretasies en verkeerde leringe, wat in die algemeen deur godsdienstige fanatieke versprei word. Sommige daarvan sal ons hier noem.

Dit het begin met die aanhalings van broeder Branham dat alles teen 1977 verby sou wees, en dat die Wegraping sou plaasgevind het.

Verdere interpretasies het gevolg, byvoorbeeld:

1. dat die opstanding plaasgevind het en dat die profeet dan sy bediening in 'n tent binne 30 tot 40 dae sal voltooi.
2. dat die Verlosser in 1963, met die opening van die seëls, die genade-troon verlaat het en neergedaal het vir die verlostes.
3. dat die HERE reeds in die wekroep van die boodskap neergedaal het.

4. dat die bruilof van die Bruid en Bruidegom nou plaasvind en dat slegs die bruilofsmaal in die hemel sal wees.
5. dat die sewe donderslae die Wegrapings-geloof gee en sewe man die sewe donderslae luidkeels sal verkondig.
6. dat die Engel van die Verbond uit Openbaring 10 vers 1 al in die leeftyd van die profeet aarde toe gekom het.
7. dat William Branham die stem van die sewende engel in Openbaring 10 vers 7 is, omdat hy gereeld daarna verwys het;
8. en later, dat hy die stem van God (Voice of God) was, waarom almal na die band-opnames moet luister.
9. dat alles vir die Gemeente met broeder Branham se heengaan tot 'n einde gekom het, omdat hy self die tweede koms van Christus vooraf gegaan het.

   Op 12 Januarie, 1961, het hy egter beklemtoon: **"Dit is die boodskap wat die tweede koms van Christus vooruitgaan. Dit is wat die Angel van die HERE gesê het".**

Die lys van dwaalleringe en interpretasies kan nog voortgesit word. Dit is ongelooflik wat manne, wat nie 'n goddelikke opdrag het nie, met aanhalings die profeet as die 'boodskap' versprei! Die belangrike gedeelte in IIJohannes vers 7, is gerig aan alle ontkenners van die liggaamlike wederkoms van Christus: ***"Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie*** (Luk. 24:51; Hand. 1: 9-11; IKor. 15: 39-58; IThes. 4: 13-17; o.a.). ***Dit is die verleier en die Antichris.***

By nadere ondersoek is die dwaalleringe net oor broeder Branham en wat hy gesê het — nie een keer aangaande Jesus Christus of oor dit wat die Bybel sê nie. Elke dwaalleer het 'n nuwe skeuring gebring, en almal beroep hulle op die profeet. Hulle het baie dinge verkeerd verstaan omdat hulle nie na die Bybel as die eerste en laaste gesag teruggaan nie. Die selferkende predikers dink nie daaraan om hul uitsprake met die Bybel te vergelyk nie.

Broeder Branham, wie vir almal 'n evangelis en 'n profeet was, het al 21 keer in sy nederigheid gesê — ja, 21 keer: "Ek is geen leraar nie ... ", maar die vermaning uitgespreek: "Neem niks aan, as dit nie in die Bybel geskrywe is nie". Vir die afgelope 60 jaar vertaal ek sy preke; daarom ken ek dit baie goed.

In die gebedslyne het hy in visioene besonderhede gesien van die siekes wat voor hom gestaan het: dit was aan hom geopenbaar watter siektes hulle het, dikwels ook hul naam, hul woonplek. Met die sienersgawe in sy bediening was hy altyd in staat om te sê: "SO SPREEK DIE HERE: U is genees". Baie keer het die genesing onmiddellik gebeur. Ek het dit in sy byeenkomste in 1955, in Duitsland as ooggetuie gesien, en later ook in die VSA. Dieselfde bediening as wat onse HERE uitgevoer het (Joh. 5:19), het in ons tyd herhaal. Ek dank God vir die eenmalige bediening wat ek persoonlik belewe het!

Maar soos die ou-testamentiese profesieë, eers in die evangelies en in die briewe van die Nuwe Testament hul ordening gevind het, moet alles nou ook in die boodskap in die skriftuurlike konteks geplaas word. As broeder Branham byvoorbeeld 258 keer die woorde uit Sagaría 14 vers 7 ***"... teen die aand sal dit lig wees ..."*** aangehaal het, omdat dit vir hom net so belangrik was noudat, teen die aandtyd van die dag van verlossing, die volle Lig van die geopenbaarde Woord weereens helder skyn voor die donker middernagtelike uur. Wie die hele hoofstuk lees, sal vasstel dat dit **oor die begin van die koninklike Heerskappy gaan, wanneer God die HERE met Sy voete sal staan op die Olyfberg** (vers 4)**.** In vers 9 staan daar: ***"En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE die Enige wees, en sy Naam "die Enigste".*** **(Menge Bybel)*.***

Die veel-aangehaalde vers in Lukas 17 vers 30 is dieselfde: ***"... net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word".*** Wie graag wil weet presies waarna vers 30 regtig verwys, moet eers vers 24 lees: *"Want soos die weerlig wat van die een kant onder die hemel blits en tot by die ander kant onder die hemel skyn, so sal die Seun van die mens ook in sy dag wees"*

en lees dan verder tot vers 36. **Die regte antwoord is alleen in die Woord self.** Verse 34-36 wys duidelik wat dan sal gebeur: *"Ek sê vir julle: In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word".* Ons weet almal wanneer dit sal gebeur: by die wegraping.

Openbaring 10 het duidelik 'n baie spesiale betekenis vir broeder Branham gehad. Hy het 86 maal daarna verwys. Maar ook hier moet 'n mens die hoofstuk tot aan die einde toe lees, asook hoofstuk 11, om te sien presies waar alles behoort.

In Maart 1962 het broeder Branham die bekende visie gehad van die verskyning van die bonatuurlike wolk en van die berging van die voedsel. Hy het daaroor gepraat aan die begin van sy prediking van 1 April, 1962.

In Desember, 1962, het hy aan my vertel wat hy in die visioen gesien het en wat gesê was: "As die stad opmetings maak, om jou pad te verbreed en die heining op die grasperk plaas, dan moet jy na Arizona gaan".

In Desember 1962 het ek die heining met my eie oë op die grasperk gesien, en broeder Branham het vir my gesê: "Ek moet pak en saam met die gesin na Tucson, Arizona, gaan. Daarom het hy my gevra om in sy plek in Los Angeles en in Oakland, Kalifornië, te preek.

Wat op 28 Februarie, 1963, gebeur het, het broeder Branham op 24 April, 1965, vertel en almal weet dit. 'n Geweldige storm wat die boomtoppe geknak het, en 'n aardbewing het die hele omgewing geskud toe sewe magtige donderslae weerklink het. Die bonatuurlike wolk het neergedaal oor die berg. Daar het hy die opdrag gekry, om na Jeffersonville terug te keer, omdat die sewe seëls geopen moes word. Ek self het later die terrein, 40 myl van Tucson af, gesien, selfs die geknakte boomtoppe en die rotse wat teen die berg afgerol het.

Broeder Branham het hierdie spesiale gebeurtenis op 24 Maart, 1963, in sy preek oor die 7de Seël, genoem toe hy die preekstoel sewe keer met sy vuis slaan en gesê het: "Die 7 donder-slae was so kragtig!" Keer op keer het hy hierdie 7 donderslae genoem, want hulle het weerklink ten tye van die opening van die seëls.

Daar is enkele dinge in die preke van broeder Branham wat moeilik is om te verstaan: oor die 7 donderslae, die derde trek (Third Pull), oor die tentvisioen, ens.; maar ons moet dit laat staan en dit nie tot ons eie vernietiging verdraai nie. Dit is wat Petrus gesê het oor die sendbriewe van Paulus (IIPet. 3:16). Broeder Branham se bediening is verby, maar die boodskap wys aan ons die weg in die hede, tot met die Wederkoms van Christus.

Die Boek van Openbaring

Kom ons kyk weer na die hoofstukke van die boek Openbaring:

In **hoofstuk 1** het ons die wonderlike inleiding tot Openbaring.

In **hoofstukke 2 en 3** vind ons die sewe sendbriewe, en in elkeen word 'n belofte aan die oorwinnaars gegee en die vermaning uitgespreek: *"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê"*

In die **4de hoofstuk roep** 'n stem uit die hemel na Johannes: *"Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en **Een sit op die troon**"* (verse 1-2). Die vierde hoofstuk eindig met lof van die 24 ouderlinge en die vier lewende wesens: *"**U is waardig, o Here**, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape".* (v.11).

Hoofstuk 5 begin so: *"En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël".* Ons gaan direk na vers 5, *"Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, **die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek".***

By die opening van die verseëlde boek weerklink die lofprysing: *"Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê:* ***U is waardig om die boek te neem*** *en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God* ***met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie*** *... Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tienduisende van tienduisende en duisende van duisende;* ***en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof"*** (Openb. 5: 9+ 11-12).

Hoofstuk 6 begin soos volg: *"En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!"* Ons kan lees wat gebeur wanneer die lam die eerste vier seëls open (verse 1-8). In die vyfde seël word die Joodse martelare getoon, wie na wraak uitroep. Wanneer die lam die sesde seël oopmaak, lees ons: *"... en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy (onryp) vrugte laat afval"* (vv. 12-13).

In **Hoofstuk 7** vind die verseëling van die 144,000 eerste plaas uit die twaalf stamme van Israel. Dit sal gebeur na die Wegraping, onder die bediening van die twee profete.

Vanaf vers 9 sien Johannes die ontelbare menigte van volke en stamme voor die troon, wat uit die Groot Verdrukking kom. Die hoofstuk eindig met die woorde: *"... want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee"* (v.17).

In **hoofstuk 8 maak** die lam die 7de seël oop en heers daar 'n halfuur stilte in die hemel. Daarna neem die sewe engele hulle basuine: ***"En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee"*** (v.2).

In vers 6 word vir aan ons gesê: *"En die sewe engele met* ***die sewe basuine*** *het hulle gereed gemaak om te blaas"*

Vanaf vers 7 volg die beskrywing van wat in die basuin-oordele sal gebeur op aarde:

1ste Basuin — Openbaring 8 vers 7:
Een derde van die aarde word verbrand.

2de Basuin — Openbaring 8 verse 8 & 9:
Een derde van die see word bloed.

3de Basuin — Openbaring 8 verse 10 & 11:
Die derde deel van alle waters word bitter.

4de Basuin — Openbaring 8 vers 12:
Die derde deel van die son, die maan en die sterre word donker.

5de Basuin — Openbaring 9 verse 1-12:
Vyf maande van vreeslike plae op die mense wat nie die seël van God het nie.

6de Basuin — Openbaring 9 verse 13-21:
Die vier engele wat by die Eufraat vasgemaak is, word vrygelaat en maak 'n derde van die mense dood.

In hoofstuk 8 word vertel wat tydens die eerste vier oordele van die basuin-engele op aarde gebeur.

Hoofstuk 9 verse 1-12 beskryf watter plae oor die mense sal kom wanneer die vyfde basuin weerklink. Vanaf vers 13 volg die beskrywing van wat gebeur as die sesde engel die basuin blaas.

In **hoofstuk 10 vers 7** vind ons **die aankondiging** van wat sal gebeur wanneer die sewende engel basuin,

en in **Openbaring 11 vers 15 die eintlike gebeurtenis** : *"En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse HERE geword en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid!"*

Al die basuin-oordele word gedurende die verdrukking, in die laaste 3½ jaar voor die begin van die Millennium, op die aarde uitgegiet en ten einde ook die sewe skale met die grimmigheid van God (Openbaring 16). Vir die eerste 3½ jaar geld die woord:

"Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie" (Openb. 7:3).

Wie ore het, hulle hoor: Presies 33 keer het broeder Branham na Openbaring 10 vers 7 verwys, **maar elke keer het hy gepraat van "verborgenhede".** Broeder Branham het Openbaring 10 vers 7 op sy bediening toegepas omdat hy die sewende gemeente-engel was wat die **verborgenhede** vanaf die eerste hoofstuk van die Bybel tot die laaste geopenbaar het. **Al die verborgenhede** was onthul.

Openbaring **10 vers 7 bly in die enkelvoud.** Daarin is die verskil. *"... maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met **die basuin** sal blaas, dan is die **verborgenheid van God volbring*** (nie die verborgenhede nie), ***soos** Hy die blye tyding **verkondig** het **aan sy diensknegte, die profete**".* **Christus is die geopenbaarde verborgenheid van God**: *"... dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle **saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God. <u>Hierdie verborgenheid is Christus</u>**, in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is"* (Kol. 2: 2-3 —Menge).

Die sluier is nog steeds oor Israel, maar **die Jode** sal ook **die verborgenheid van God in Christus te wete kom** wat dan **sy voltooiing sal vind** (IIKor. 3: 13-16; Sag 12:10).

Ons moet Openbaring 10 met respek lees. Dit bly die geval dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie. Alles gebeur in die orde soos dit geskryf staan: die engel van die verbond daal neer en, as die regmatige eienaar, plaas Hy Sy voete op see en land. Dan sal Hy brul soos die leeu van die stam van Juda: *"... en hy het **met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor**. En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; **maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê**: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie"* (Openb. 10: 3-4). Daarna begin Hy Sy koninkryk.

Op Paassondag, 22 April 2019, in Goiania, Brasilië, het baie getroues van oor die hele land vergader vir aanbidding.

Die Vergadering in Roemenië op Saterdag, 22 Junie 2019.

'n Foto vanaf Zürich op Sondag, 28 Julie 2019.

'n Belangrike punt: In Maart, 1963, het broeder Branham gepraat oor wat Johannes gesien en gehoor het. Maar niks hiervan het in 1963 regtig gebeur nie; slegs wat Johannes in detail geskryf het, was aan hom geopenbaar en het Hy vir ons gesê. Amen.

SO SPREEK DIE HERE in Sy Heilige Woord: Die sewe donderslae sal hul stemme weerklink wanneer die HERE as die Engel van die Verbond neerdaal.

Dan eers sal die sewe donderslae hul stemme laat hoor! So staan dit in die goddelike akte van die ewige Testament. Alles wat in ons tyd as donderslae-openbarings verkondig word, is niks anders as leuens en misleiding nie.

*"En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, en hy het **gesweer** by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie; maar in die dae van **die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring** ..."* (Openb. 10: 5-7a).

Dan word vir die verbondsvolk, Israel, die tweede deel van Maleági 3 vers 1 vervul: *"... dan sal skielik na sy tempel kom die HERE na wie julle soek, naamlik **die Engel van die verbond**, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare".* In die profeet Daniel word voorspel dat daar nog 3½ jaar oor sal wees: *"Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en **gesweer** by die Ewig-Lewende: **'n Tyd, tye en 'n halwe tyd, en as hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word**"* (Dan. 12:7). Amen.

Die vervulling daarvan val presies in die middel van die laaste week van jare, oftewel, die laaste sewetal jare (Dan. 9: 24-27). O, hoe presies, hoe kosbaar is God se Heilige Woord!

Profeet en Mens

Dit moet duidelik gesê word: die dag toe William Branham in 1981 in Jeffersonville ter beroeping op Openbaring 10 vers 7 tot die **"stem van God"** (**"Voice of God"**) verklaar was, het dit gebeur wat ook in die tuin van Eden gebeur het. Hoe Broeder Branham dikwels benadruk het dat dit net een woord was, wat die slang in gesprek met Eva bygevoeg het, wat die val van die mensdom veroorsaak het! Hier is dit 'n hele vers wat verkeerd geïnterpreteer was. Vandag word dit wat in Openbaring 10 vers 7 staan, toegepas op broeder Branham en die interpretasie word deur almal geglo wat God se Woord verag.

William Branham was 'n mens soos Elia en ons almal. Wie glo dat hy die stem van God was, glo dat hy God is — en dit is godslastering en afgodery! Die stem van God is die Woord van God, nie 'n sterflike mens nie!

Kom ons kyk na die menslike kant: broeder Branham het gehou van jag en van visvang. Hy het gereeld aan die begin van sy preke stories daarvoor vertel. Hy was 'n eggenoot en 'n vader.

Op 21 April, 1957, het hy aan die begin van sy preek na sy dogter Rebecca gewys en gesê: "Daar sit my dogtertjie. Sy sal eendag ook 'n profetes wees". Maar hier ontbreek die "SO SPREEK DIE HERE". Die dogter het geleef en gesterf sonder om 'n profetes te wees.

Op 29 November, 1959, het broeder Branham aan die begin van sy preek gesê: "Josef, my seun, jy is 'n profeet. Dit is my gebed". Weereens ontbreek die "SO SPREEK DIE HERE". God het geen ander profeet in Sy Woord belowe nie — ook geen agtste boodskapper nie.

Op 8 Julie, 1962, het broeder Branham gesê: "So, ek wag op die wonderlike tyd om na Israel te kan gaan, om die evangelie aan hulle te bring".

Op 11 Julie, 1965, het hy gesê: "My bediening is nog nie klaar in Afrika nie".

Op 15 Augustus, 1965, het hy gesê: "Ek sal hierdie pad nog eenkeer ry ... ".

Op 27 November, 1965, het hy gesê: "Ek sal nie sterwe nie ...", en net 'n maand later, op 24 Desember, 1965, was hy huistoe geroep!

Hy was in groot afwagting op die finale werk van God, soos ons vandag is, en het dit met die donderslae, die 'third pull' en die tentvisioen in verbinding gebring.

'n Hele lys kan opgestel word van uitsprake wat broeder Branham as 'n mens gemaak het, maar wat deur die valse leraars as "SO SPREEK DIE HERE" gehou en versprei word. Maar ons is besorgd oor dit wat broeder Branham as boodskap, gebaseer op die Woord, verkondig het. Enigiemand wat sy preke lees of hoor, sonder om dit te interpreteer, word steeds ryklik geseën.

Maar omdat ons so naby aan die einde is, moet die koring van die onkruid geskei word. Almal moet hul besluit neem, of hulle die oorspronklike Woord, of 'n interpretasie wil glo.

Dit kom tot vervulling: *"omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur ..."* (IIThes. 2: 10-11).

Kom ons keer terug na die aanhalings wat ons aan die begin weergee het. **Broeder Branham het dit benadruk, dat nie hy nie, maar die boodskap die tweede koms van Christus vooruit sal gaan.**

Op 12 Junie, 1958, het broeder Branham by die konferensie in Dallas, Texas, aan die einde van sy gesprek met my, gesê: "Broeder Frank, jy gaan met hierdie boodskap na Duitsland terugkeer".

Op 15 Januarie, 1963, het hy in sy preek gesê: "Die boodskap sal na 'n ander nasie gaan ..."

Broeder Branham het, na die opening van die Seëls, in geen ander land gepreek nie. Dit was eers na sy begrafnis in April,

1966, dat die boodskap na die hele wêreld gedra is. Maar juis hierdie feit ontken die veragters van God.

Dit het duidelik geword, dat almal wat die dwaalleringe glo, die draer van die God-beveelde boodskap verwerp. Hulle neem deel aan die lastering en karakterskending sedert die vernietigende slag van Satan in 1979. Weereens het die slang dieselfde metode gebruik soos met Eva en twyfel gesaai met verwysing na die roeping: "Het die HERE regtig met hom gepraat?" Satan het sowaar die ergste beskuldigings teen die dienskneg van God opgemaak om die gelowiges se vertroue in die goddelike roeping en ook die plaaslike gemeente te vernietig. Almal wat verlei is glo die sataniese leuens. Hulle glo nie dat die HERE regtig met Sy dienskneg gepraat het nie en hom voor en selfs na 1979 beveel het nie.

Mag die getroue HERE genade gee dat almal wat verlore gegaan het, hul weg sal vind, na 40 jaar van woestynwandeling en dat ons saam ons voorbereiding in geloof en gehoorsaamheid deur genade sal ervaar. Dit is waar: uitverkorenes kan nie verlei word nie. Die dwase maagde sal eers kom wanneer die laatreën val en die HERE God die Woord onder die wyse maagde bevestig het. Dan sal hulle sê: "Gee ons van u olie". Maar dan is dit te laat. Hulle sal aan die buitekant staan en klop. Die Woord geld nog: *"Vandag, as julle Sy stem hoor ...!".* Moenie julle harte verhard as God praat nie!

Getuienis van 'n Dienskneg van God

"Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling" (IJoh. 4:6).

God het die vyf bedieninge in Sy Gemeente ingestel: *"En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars"* (Efé. 4:11).

Maar as dit om 'n opdrag gaan wat verband hou met die Verlossingsplan, word die woord "kneg" gebruik. Selfs onse HERE en Verlosser was 'n 'Kneg' genoem.

*"Daar is my **Kneg** wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring"* (Jes. 42:1).

*"Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my **Kneg**, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hý sal hulle skuld dra"* (Jes. 53:11).

*"Kyk, my **Kneg** wat Ek uitverkies het, my Geliefde in wie my siel 'n welbehae het! Ek sal my Gees op Hom lê, en Hy sal aan die nasies die reg aankondig"* (Matt. 12:18).

Die profete word ook 'knegte' genoem: *"Want die HERE Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy **knegte**, die profete, geopenbaar het nie"* (Amos 3:7).

Paulus het, as 'n geroepe apostel, homself reg van sy eerste brief af as 'n 'dienskneg' voorgestel: *"Paulus, 'n **dienskneg** van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die **evangelie van God**"* (Rom. 1:1).

Ook die apostels Petrus en Jakobus, sowel as Judas, die broer van Jakobus, het hulself as diensknegte voorgestel:

*"Jakobus, 'n **dienskneg** van God ..."* (Jak. 1:1).

*"Símeon Petrus, 'n **dienskneg** en apostel van Jesus Christus ..."* (IIPet. 1:19).

*"Judas, 'n **dienskneg** van Jesus Christus ..."* (Jud. 1).

Ek het telkemale getuig van die bonatuurlike ervaringe wat die getroue HERE sedert 1962 my uit genade geskenk het. Toe ek op Maandag, 2 April 1962 geroep is, het die HERE my drie keer met "My kneg" toegespreek:

"**My kneg**, jou tyd vir hierdie stad is binne-kort verby. Ek sal jou na ander stede **stuur** om My Woord te verkondig ...".

"**My kneg** , die tyd sal kom, wanneer hulle na jou sal luister ..."

En: "**My kneg**, moet nie plaaslike gemeentes stig nie en moenie 'n gesangboek uitgee nie ..."

Die twee terme "**kneg**" en "**stuur**" is by 'n roeping van uiterse belang.

Selfs ook met verdere ervaringe, toe die HERE instruksies aan my gegee het, het Hy my nog elke keer as "**My kneg**" aangespreek. Een van die belangrikste dinge vir my, is wat die getroue HERE aan my op Sondag, 19 September, 1976, toegeroep het: "My **kneg**, Ek het jou volgens Matthéüs 24, verse 45 tot 47, daartoe bestem om die voedsel op die regte tyd uit te deel". Nooit voorheen het hierdie bybelgedeelte my bewustelik bygeval nie: *"Wie is dan **die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee?** Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel"*.

Toe verstaan ek eers die betekenis ten volle van wat broeder Branham op 3 Desember, 1962, o.a., aan my gesê het: "Broeder Frank, wag met die uitdeel van die voedsel totdat jy die res daarvan bekom het". Ons het toe alreeds sy preke sedert September, 1958 op band ontvang. Op 24 Maart, 1963, aan die begin van die preek oor die sewende seël, het hy gesê: "As julle die visioen onthou van 'n jaar gelede oor die voedsel wat op hierdie plek opgestoor moet word ..." en aan die einde daarvan het hy gesê: "Nou is dit gestoor". Ek het die preke van broeder Branham in Duits vertaal, het die geestelike voedsel, wat broeder Branham opgestoor het, in die afgelope 54 jaar sedert die dood van die profeet, aan die diensvolk uitgedeel. Die tafel van die HERE is ryk gedek.

Ook toe die HERE my in Maart, 1980, in Marseille, Frankryk, gevra het om IITimótheüs hoofstuk 4, vanaf verse 1 tot 5 te lees, het Hy my met "My kneg ..." aangespreek. Ek het onmiddelik my Bybel geneem en dit gelees soos ek beveel was: *"Ek besweer jou dan voor God en die HERE Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die*

gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening ...". So seker soos wat Hy my beveel het, om die geestelike voedsel uit te deel, moet ek sekerlik, volgens Sy opdrag, Sy duur en Heilige Woord, sonder kompromie verkondig. Hierdie bediening is bybels, net soos die bediening van broeder Branham was, en onafskeidbaar met Sy heilsgeskiedelike opdrag verbind.

Mag almal verstaan dat die ernstige woorde wat Paulus in II-Timótheüs, 4, verse 1 tot 3 aan Timótheüs gerig het, selfs vandag nog geldig is, vir almal wat God se Woord verkondig.

Nie ek nie, maar die HERE self het herhaaldelike getuienis afgelê. Wie die getroue dienskneg (Matt. 24: 45-47) verwerp, sal luister na 'n dwase dienskneg (Matt. 24: 48-51). Eerstens saai die HERE die goeie saad, maar die vyand kom dadelik daarna en saai die bose saad (Matt. 13: 24-25 + 37-39).

Die almagtige, alwetende God het alles wonderbaarlik verorden. Nou word dit duidelik wie en wat ons is. Die dwase maagde sal die interpretasies glo en 'n mens volg. Die wyse maagde is bly oor die voortsetting van die bediening en glo net dit wat in die Woord geskryf staan, want sy is die bybelse Woord-bruid.

Daarom het die HERE gesê: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het"* (Joh. 13:20). Wie 'n gestuurde aanvaar is verbind met God; wie hom verwerp, gaan verlore. Net soos broeder Branham, sy opdrag as 'n ware dienskneg en profeet van God uitgevoer het, so gewis het ek die opdrag as 'n dienskneg van Christus, as 'n gestuurde, uitgevoer tot aan die eindes van die aarde. Ek is ook net 'n mens en, soos broeder Branham dit gestel het, "'n sondaar gered deur genade". Deur die leringsbediening, wat die getroue HERE my gegee het, is alles bybels georden. Dit gaan nou oor die deelname aan dit wat God tans doen.

Ek sluit hierdie gedeelte af met Titus 1 verse 2 en 3: *"... in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het, en op die regte tyd sy woord bekend gemaak het deur die prediking wat aan my toevertrou is, ooreenkomstig die gebod van God, ons Verlosser ..."*

"Versamel My Volk vir My!"

Hulle kom vanaf die Ooste en Weste,
hulle kom vanaf die Suide en Noorde . . .

Met groot dankbaarheid kyk ek terug na al die jare waarin ek my maandelikse sendingsreise gedoen het en in die menigte stede in 165 lande regoor die wêreld toegelaat was om te preek. Maar noudat ek die ouderdom van 85 jaar bereik het, ondervind ek, dat ek nie meer so kan voortgaan nie, omdat omtrent alles afgeneem het: die gesig, die gehoor, selfs om te loop; ja, die hele liggaam is in lyding.

Ek het gedoen wat die HERE my gebied het om te doen. Sedert Broeder Branham se heengaan het ek die boodskap die hele wêreld ingedra, die opgestoorde geestelike voedsel tot die beskikking van al die dienende broeders en alle gelowiges gestel. Reeds sedert 1963, direk nadat broeder Branham oor die Seëls gepreek het, was ek gelei om te skryf en om dit wat vir my belangrik was in die Woord van God, te publiseer. Oor die jare het ek meer as 3,000 manuskrip-bladsye met die hand uitgeskryf, wat dan as brosjures, boeke en omsendbriewe gedruk was. Net soos die apostels die vele verklaringe van die Ou Testament in die Nuwe Testament daargestel het, so kon ek alle aanhalings van broeder Branham, selfs dit wat moeilik is om te verstaan, in die Woord daarstel. Dank sy God daarvoor.

Al kan ek nie meer reis soos in die afgelope dekades nie, het die HERE God seker gemaak dat alle gelowiges regoor die wêreld deel het aan die verkondiging. Dus word die byeenkomste wat hier in die missiesentrum plaasvind, elke eerste naweek van elke maand

deur middel van die internet in 15 verskillende tale regstreeks uitgesaai, regoor die wêreld. Tot tienduisend verbindings word gemaak waardeur gelowiges, gesinne en tot hele gemeentes op alle kontinente die dienste kan volg. Die preke kan te eniger tyd gratis op ons tuisblad *freie-volksmission.de* en op ons YouTube kanaal "FreeVolksmission" opgeroep en afgelaai word.

Die maandelikse byeenkomste wat elke laaste Sondag in Zürich en op die eerste naweek in die missiesentrum hier in Krefeld, Duitsland gehou word, word altyd goed bygewoon. As ons al die vertrekke wat ons hier het: die auditorium met sy galery, die eetkamer, die moeders-kamers en ook die sondagskoolkamer insluit, dan het ons tot 1,130 sitplekke, wat op die eerste naweke byna heeltemal beset word. Amos 8 vers 11 word vervul voor ons oë: *"Kyk, daar kom dae, spreek die HERE Here, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor"*.

God het vir alles gesorg: vir die 10,000vkm-groot erf, waarop die aanbiddingshuis, die sendinggebou, die drukkers- en versendingshuis opgerig kon word. Die in- en uitgange is oop, dag en nag. Nie 'n enkele keer was daar oor die afgelope 60 jaar 'n fondsinsamelingsprogram aangebied of 'n donasie aangevra nie. Nie een keer was daar 'n offerhande of tiendes ingesamel nie. Van die begin af tot vandag toe, word alle brosjures, boeke, CD's, DVD's, ens, gratis verskeep.

By hierdie geleentheid wil ek alle broeders en susters wat hierdie werk van God getrou ondersteun, hartlik bedank. Sommige gooi hul liefdegawes in die offerkassie, ander plaas fondse direk oor in die sendingsrekeninge. Aan almal sê ek nogmaals 'n besonderse dankie, in die naam van die HERE Jesus Christus.

Die gelowiges wat van regoor Europa en ander lande kom, getuig daarvan dat die uitverkorenes die koninkryk van God eerste stel en met die verlange kom om God nuut te ervaar. Ja, dit sal gebeur dat die HERE Sy verlossingswerk deur 'n magtige geesteswerking tot volmaaktheid bring. Ons glo dat dit wat geskryf staan in Romeine 9 vers 28, binnekort vervul sal word:

"... want Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die HERE 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen". Aan Hom alleen kom al die eer toe.

My gebed is dat die Bruid van die Lam, wat deur die boodskap van hierdie tyd uitgeroep, afgesonder, gereinig en geheilig word, met die Heilige Gees verseël sal word, soos geskrywe is:

"... in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte ..." (Efé. 1:13).

Dit sal bewaarheid word: *"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy Bruid het haar gereed gemaak ..."* (Openb. 19:7 — Menge Bybel).

"En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet" (Openb. 22:17). Amen.

In Opdrag van God

Br. Frank

Sou u belangstel om ons literatuur te ontvang, stuur gerus ‘n epos aan:

(in Afrikaans of Engels): info@pretoriamission.co.za

Telefoon: +27-73-631-7762

(in Engels of Duits): volksmission@gmx.de

Telefoon: +49-2151/545151

U kan ook inskakel op die Internet vir ons maandelikse uitsending wat val op die eerste naweek van elke maand: op die Saterdag aand om 19h30 en die Sondag oggend om 10h00 (Sentraal-Europese Tyd). Hierdie uitsendings kan gevolg word in vyftien verskillende internasionale tale. Wees deel van God se Verlossingsplan, soos dit nou in vervulling is!

Ons is ook sigbaar op youtube.com onder

“Apostolic Prophetic Bible Ministry”

Internasionale tuisblad: http://www.freie-volksmission.de

© deur die outeer en uitgewer – E. Frank